Sindiwe en die vuurvliegies

Jano Strydom · Cheréne Pienaar · Tess Gadd

Sindiwe en die vuurvliegies

Hierdie boek behoort aan

_____

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.

Sindiwe en die vuurvliegies
Illustrated by Jano Strydom
Written by Cheréne Pienaar
Designed by Tess Gadd
Translated by Nal'ibali
with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 30 August 2014.

ISBN: 978-1-928318-84-2

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.



Op ’n dag is ’n baie slim baba in Gungululu in die Oos-Kaap gebore.

Haar naam was Sindiwe Magona.

Sy was die oudste van agt kinders.

Saans het haar ouma towerverhale
oor monsters en reuse, diere van die
woude, groot ongediertes en klein
diertjies van die veld vertel.

Dit was Sindiwe se gunstelingtyd.

Sindiwe het baie van skool gehou
en het daarvan gedroom om ’n
onderwyser te word.

Toe Sindiwe ’n tiener word, het haar familie ’n
fees gereël om dit te vier.

Sy het spesiale klere gekry om aan te trek en ’n
wyse ou man het vir haar ’n pryslied gesing:

Seën en ’n lang lewe vir jou!
Mag jou voorouers jou beskerm!

Sindiwe is as ’n onderwyser opgelei. Sy was baie opgewonde om by haar eerste skool te gaan skoolhou.

Maar daar was nie lessenaars vir die kinders of boeke vir hulle om in te skryf nie. Dit het Sindiwe bang gemaak.

Hoe kon sy ’n goeie onderwyser wees as die kinders nie plek het om te sit nie en niks het om in te skryf nie?

Sy het die skool verlaat en as ’n
skoonmaker gaan werk.

Sy het in vier verskillende huise gewerk.
Soms het die mense daar haar sleg
behandel en Sindiwe was baie ongelukkig.

Die hele tyd het Sindiwe gestudeer.

Haar harde werk was die moeite werd! Sy het ’n beurs gewen om aan ’n universiteit in New York te gaan studeer.

Sy en haar drie klein kinders het hulle tasse gepak en oor die see na die Verenigde State van Amerika gevlieg.

Daar het Sindiwe gestudeer om ’n maatskaplike werker te word. Sy wou gesinne help om hul lewens te verbeter.

Toe sy klaar gestudeer het, het sy twintig jaar lank in die VSA gewerk.

Terwyl sy daar was, het Sindiwe vir die wêreld van Suid-Afrika vertel, en hoe swaar dit is vir die meeste mense wat daar woon.

Mense het baie graag na haar stories geluister, en wou meer en meer van Suid-Afrikaners leer.

Almal het saamgewerk om te help om dinge in Suid-Afrika te verander.

Maar Sindiwe het na haar
geboorteland verlang.

Sy wou haar stories vir die
mense by die huis vertel.
Daarom het sy haar tasse
gepak, op ’n vliegtuig geklim en
oor die see teruggevlieg
na Kaapstad.

Sindiwe se liefde vir boeke
en stories het haar gehelp
om stapels en stapels boeke
te skryf. En kinders en
grootmense hou baie daarvan
om haar stories te lees.

Baie mense noem haar
“Nomabali” want sy skryf,
vertel en lees altyd stories.